Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Hooggeregshof Hersieningsnr: 708/03

Landdros Saaknr: RCX 71/02

Datum gelewer: 2004-03-04

In die hersieningsaak van:

**DIE STAAT**

*versus*

**RONWIN BENJAMIN** **BESKULDIGDE 1**

**STEPHEN BLOUKOP** **BESKULDIGDE 2**

**LOUIS FOUCHE** **BESKULDIGDE 3**

Coram: KGOMO RP *et* MAJIEDT R

# UITSPRAAK OP HERSIENING

**MAJIEDT R:**

1. Die doel van outomatiese hersienings is om op spoedeisende wyse na te gaan of verrigtinge in sekere aangeleenthede in die laer howe ooreenkomstig die reg geskied het. Die masjinerie wat geskep is in die Strafproseswet het dan ook ten doel dat sulke aangeleenthede so spoedig moontlik afgehandel behoort te word, vir ooglopende redes. Hierdie onderhawige saak dien as illustrasie van watter ontsaglike probleme 'n gebrekkige oorkonde kan meebring met die afhandeling van 'n hersieningsaangeleentheid.

2. Op 11 Februarie 2003 het Olivier WnR (soos hy toe was) en Kgomo RP in 'n uitspraak in hierdie saak volledige aanwysings verskaf aan die Klerk van die Hof om die

aansienlike leemtes in die oorkonde aan te vul en reg te stel, indien nodig met behulp van sekondÍre getuienis, en dan die aangeleentheid weer voor te lÍ vir hersiening voor ‘n Regter in kamers. Dit is nodig dat dié betrokke bevel volledig weergegee word hierin, soos ek hiermee doen:

“1. Die aangeleentheid word verwys na die Klerk van die Landdroshof, Kimberley, met die volgende aanwysings:

1.1 Die meganiese opname van die verrigtinge in die Landdroshof voor mnr J Von Wielligh moet nagegaan word om te verseker dat alle gedeeltes van die gemelde verrigtinge getranskribeer is of word, en spesifiek in ‘n poging om ‘n transkripsie te verkry van:

i) die kruisverhoor wat namens beskuldigde 3 gevoer is op die staatsgetuie, inspekteur Bartie; en

ii) die gedeelte van die verrigtinge toe daar namens een of meer van die beskuldigdes versoek is dat bepaalde getuienis rakende uitwysings as ontoelaatbaar bevind word, soos na verwys in die Landdros se uitspraak op bl 151 van die bestaande oorkonde.

1.2 Indien die Klerk van die Hof nie die voormelde

gedeeltes van die verrigtinge met behulp van die meganiese opname van die verrigtinge getranskribeer kry nie, of dit andersins sou blyk dat die geheel van die verrigtinge nie getranskribeer is en in die oorkonde vervat is nie, moet die Klerk van die Hof die bes moontlik sekondÍre getuienis bekom van enige gedeeltes van die verrigtinge wat nie getranskribeer is en deel van die oorkonde uitmaak nie, en spesifiek ook van daardie gedeeltes van die verrigtinge na verwys in paragrawe 1.1(i) en 1.1(ii) hierbo, insluitende:

1.2.1 die verkryging van 'n eedsverklaring" van die verantwoordelike beampte tot die effek dat die bepaalde gedeeltes van die meganiese opname ontbreek of dat bepaalde gedeeltes van die verrigtinge nie opgeneem is nie, met vermelding van na welke gedeeltes in hierdie verband verwys word;

1.2.2 die verkryging van eedsverklarings van enige persone wat behulpsaam kan wees met die rekonstruksie van die ontbrekende gedeeltes van die verrigtinge en meer spesifiek van die gedeeltes na verwys in paragrawe 1.1(i) en 1.1(ii) hierbo; en

1.2.3 die bestudering en vergelyking van enige handgeskrewe notas wat tydens die verhoor in die Landdroshof gemaak mag gewees het deur die voorsittende Landdros of deur enige van die

partye of hul regsverteenwoordigers.

2. Die Klerk van die Hof moet dan weer die oorkonde, aangevul soos voormeld, aan die aanklaer en die beskuldigdes of hul regsverteenwoordigers voorlÍ vir hul goedkeuring daarvan as ‘n behoorlike weergawe van die verrigtinge, of andersins vir kommentaar daarop.

3. Die oorkonde moet dan weer aan hierdie Hof voorgelÍ word vir hersiening, nadat die Klerk van die Hof dit, indien moontlik, gesertifiseer het as ‘n behoorlike en betroubare oorkonde van die verrigtinge in die Landdroshof, of andersins aangedui en uiteengesit het in welke opsigte die oorkonde steeds onvolledig mag wees.”

3. Die Klerk van die Hof het gepoog om uitvoering te gee aan die voormelde aanwysings, maar het jammerlik gefaal in sodanige poging. Ek ag dit nodig om die Klerk van die Hof se Memorandum volledig weer te gee:

“Die klerk van die hof het gepoog om die verigtinge te laat transkribeer. Dit blyk egter dat dit per abuis nie meganies opgeneem was deur die landdros nie (sien sertifikaat van sneller opnames).

Uit die klerk van die hof se poging om die saak te rekonstrueer het die

volgende geblyk:

a) Die regsverteenwoordiger vir beskuldigde 1 tydens die verhoor was Mnr Mbewu. Hy het egter die dienste van die regshulpraad verlaat en die saak aan Mnr Posa vir vonnis doeleindes oorgegee.

‘n Verklaring is van hom bekom waarin hy meedeel dat hy nie meer oor notas met betrekking tot die saak beskik nie en nie behulpsaam kan wees met die rekonstruksieproses nie.

b) Beskuldigde 2 wie in persoon verskyn het word huidiglik op ‘n lasbrief gesoek en kan sy insette tot rekonstruksie ook nie bekom word nie.

c) Mnr Van Heerden regsverteenwoordiger vir beskuldigde 3 het per skrywe aangedui dat hy nie saamstem met die rekonstruksie van Mnr Von Wielligh die verhoorlanddros nie. Hy beskik egter nie oor notas om dit aan te vul nie. Hy is ook nie bereid om die klerk van die hof van ‘n beëdigde verklaring tot die effek te gee nie (skrywe aangeheg).

d) Die aanklaer stem saam met die rekonstruksie van Mnr Von Wielligh (verklaring aangeheg).

e) Mnr Posa, huidiglik regsverteenwoordiger van beskuldigde 1 het eers tydens die verrigtinge van vonnisoplegging tot die saak toegetree en kan ook geen insette lewer nie.

Na aanleiding van voormelde wens ek weereens die saak na u terug te verwys vir verdere riglyne.”

4. Omrede ek die mening toegedaan was dat die oorkonde steeds nie behoorlik aangevul is om 'n sinvolle hersiening te kan doen in hierdie aangeleentheid nie, het ek die kantoor van die Direkteur van Openbare Vervolgings versoek om 'n regsmening te voorsien as volg:

   a) Of die oorkonde soos dit tans daar uitsien, voldoende volledig is om op 'n sinvolle wyse die aangeleentheid op outomatiese hersiening na te gaan; en

   b) Indien nie, welke verdere stappe nodig is en prakties haalbaar is om enige steeds bestaande gebreke in die oorkonde aan te vul; en

   c) Indien die oorkonde wel voldoende volledig is, of die beskuldigdes se skuldigbevindings regtens in orde

is.

5. Advokaat JJ Cloete van daardie kantoor het 'n baie behulpsame regsmening verskaf, waarmee die adjunk-direkteur van Openbare Vervolgings, Advokaat CW Louw, saamstem. Ek is dank verskuldig aan Advokaat Cloete vir sy insette. Ek is dit eens met die mening van Mnr Cloete dat die oorkonde, soos dit tans daar uitsien, nie voldoende volledig is om die hersiening te kan afhandel nie. Hierdie aangeleentheid word verder gekompliseer deur die feit dat die rekonstruksie van die oorkonde wat die verhoorlanddros gedoen het met behulp van sy notas, nie ondersteun word deur die advokaat en opdraggewende prokureur wat namens beskuldigde 3 opgetree het nie. By deurlees van die oorkonde en met verwysing na die aanvullende oorkonde, soos

gerekonstrueer deur die landdros, is daar ‘n belangrike aspek waar die waarskynlikhede na my mening daarop dui dat die landdros se rekonstruksie nie akkuraat en/of volledig kan wees nie. Dit gaan naamlik om die kwessie van die toelaatbaarheid van die uitwysings wat beskuldigdes 1 en 3 aan die polisiebeamptes Bartie en Mitchell gemaak het. Kragtens die oorkonde soos gerekonstrueer deur die landdros, het die advokaat namens beskuldigde 3 wel vrae in kruisondervraging aan die polisiebeampte Bartie gestel, maar hy het nie die toelaatbaarheid van die uitwysings na bewering gemaak deur beskuldigde 3 aan Bartie behandel nie. Ek onderbreek myself hier om uit te wys dat volgens die oorspronklike oorkonde, die betrokke advokaat namens beskuldigde 3 glad nie vir Bartie gekruisondervra het nie (wat uit die aard van die saak verkeerd is, kragtens die

gerekonstrueerde oorkonde). Die toelaatbaarheid van die voormelde uitwysing het wel egter ter sprake gekom, want dit word pertinent in die uitspraak van die landdros behandel asook in die gedeelte van die oorkonde wat die uitspraak voorafgegaan het. Ek is dit eens met advokaat Cloete in sy regsmening dat die waarskynlikhede daarop dui dat die advokaat namens beskuldigde 3 wel die kwessie van die toelaatbaarheid van die uitwysings deur beskuldigde 3 aan Bartie met die betrokke polisiebeampte aangeraak het. Die vraag kan tereg gevra word: *Hoekom sou die betrokke advokaat vir Mitchell daaroor kruisondervra en nie vir Bartie nie?* Hierdie is uiteraard 'n absoluut wesenlike aspek in beskuldigde 3 se saak.

6. 'n Verdere aspek wat hiermee gepaard gaan is of die beskuldigdes kragtens die bepalings van art 35(2)(c) van die Grondwet (*Wet 108*

*van 1996*) ingelig is van hulle fundamentele reg om op staatsonkoste van 'n regsverteenwoordiger voorsien te word. Die oorkonde dui aan dat Mitchell getuig het dat hierdie bepaalde opsie nie aan die beskuldigdes verduidelik is nie. Só 'n wesenlike verontagsaming van die beskuldigdes se fundamentele regte ingevolge die Grondwet, kan lei tot die uitsluiting van sodanige getuienis; sien in dié verband **S v Soci** 1998(2) SASV 275 (OK) te 296 i – 297 a. 'n Hof het weliswaar 'n diskresie om sodanige getuienis toe te laat; sien **Key v Attorney General Cape Provincial Division and another** 1996(2) SASV 113 (CC) te par. 13 & 14; **S v Gumede** 1998(5) BCLR 530 (D) te 541 f-i. Op hiersiening moet hierdie Hof egter bepaal aan die hand van die getuienis op die oorkonde waarom die verhoorlanddros sy diskresie op so 'n wyse uitgeoefen het deur die betrokke

getuienis toe te laat.

7. Die oorkonde is heeltemal gebrekkig wat betref hierdie aspek tans onder bespreking. Ek meen dat advokaat Cloete se voorstel dat dié gebreke aangevul kan word deur die betoë van beskuldigdes 1 en 3 se regsverteenwoordigers voor uitspraak te transkribeer, sinvol is. Sodanige betoë sou hierdie aspek ten aansien van die inbreukmaking van die beskuldigdes se reg tot regsverteenwoordiging voordat die uitwysings gemaak is, aangespreek het. In hierdie betoë is daar in alle waarskynlikheid na Bartie se getuienis verwys en kan sodanige betoë ook aangewend word om Bartie se getuienis sinvol te rekonstrueer in dié verband. Na sodanige rekonstruksie kan daar gepoog word om eenstemmigheid tussen die verhoorlanddros en die partye

aangaande Bartie se getuienis te bereik en kan die ontbrekende gedeeltes dan aangevul word. Sien in dié verband: **S v Zondi** 2003(2) SASV 227 (W).

8. ‘n Verdere moontlike hulpmiddel by die rekonstruksie van die oorkonde ten aansien van hierdie kwessie van die toelaatbaarheid van die betrokke getuienis, is die betoë wat gevoer is by die formele aansoek om ontslag namens beskuldigde 3 in terme van art 174 van die Strafproseswet. Die advokaat namens beskuldigde 3 is van mening dat daar wel so ‘n aansoek gebring was, alhoewel hy nie doodseker is daaraangaande nie. Ek meen dat die Klerk van die Hof hierdie betrokke aspek behoort op te volg, en indien daar wel so ‘n formele aansoek ingevolge art 174 was, behoort dit ook getranskribeer te word.

**9. By gevolg reik ek die volgende bevel uit, welke bevel dien as verdere aanwysende riglyne aan die Klerk van**

**die Hof ten einde hierdie oorkonde verder aan te vul:**

**a) Daar moet vasgestel word of daar wel 'n aansoek om ontslag ingevolge die bepalings van art 174 van die Strafproseswet namens beskuldigde 3 gebring was en indien wel, dat die betoë daaraangaande getranskribeer word.**

**b) Dat die betoë op die meriete van die saak deur die aanklaer sowel as van die regsverteenwoordigers van beskuldigdes 1 en 3 getranskribeer word.**

**c) Dat die oorkonde dan weer vir hersiening voorgelê word aan hierdie Hof.**

______________

**SA MAJIEDT**

**REGTER**

**Ek stem saam:**

__________________

**FD KGOMO**

**REGTER-PRESIDENT**